

Hoe is ons lewe in die hiernamaals?

**Skrifgedeelte: Openbaring 7:9-17
(1983-vertaling)**

Fokusgedeelte: Openbaring 7:9-11

Ons lees in Matteus 25:34 dat geseëndes by die eindoordeel die koninkryk van God binnegaan. Hoe is dit binne die ewige koninkryk van God? Wat gebeur daar? Waarna kan ons uitsien?

Die koninkryk van God is sō wonderlik en heerlik dat dit nie beskryf kan word nie. Veral twee dinge is opvallend:

Eerstens 'n ontelbare skare uit die ganse mensdom, uit alle tye. Hulle staan voor die troon van God en van die Lam (vs 10). Hulle is in wit geklee, teken van hulle reinheid, regverdigheid in Christus. Rein gewas in die bloed van Christus. In hulle hande is daar palmtakke, simbool van oorwinning en vrede. Hulle roep in vreugde uit: Ons redding kom van God en van die Lam! Gaan jy en ek ook in daardie skare wees en saam jubel? Beslis!

Verder is daar rondom die troon engele, die 24

ouderlinge (vgl. Op. 4:3, 4), en vier lewende wesens (vgl. Op. 4:6-8). Hulle kniel met hulle gesigte na die grond, loof en aanbid God (Drie-enig). Lees weer die pragtige aanbiddingswoorde (vs 12). Gaan ons ook hierdie lofprijsing aan God gee? Ja, met ons hele hart.

'n Ouderling verduidelik die gesig: Ons aanbid God, dag en nag. Dis ons vreugde! Daar is nie meer pyn, tranes, stryd nie – alles is nou volmaak. Ons is vol van die Heilige Gees (lewende water, vs 17; Joh. 4:10 ev).



Publikasie
Publication



Nr./No.: E13